# HOOFSTUK VI

## Optrede van die adolessent in die samelewing.

Die sosiale ontwikkeling van die adolessent behels in die eerste plek sy ontwikkeling as indiwidu en sy eie verhouding tot die gemeenskap. Dit word daarin openbaar of hy gou moeg word vir mense en hulle geselskap, of hy gou vriende maak met ander mense, sosiaal maklik aanpas, hoe hy verkies om op te tree by sosiale byeenkomste, ens.

In die tweede plek word die sosiale ontwikkeling van die adolessent aangedui deur die houding van die gemeenskap, m.a.w. of die lede van die gemeenskap hom aanvaar as een van hulle, hom uitnooi na partytjies, funksies en ander bedrywighede wat deur hulle gereël word.

In hierdie ondersoek word die eienskappe wat die adolessent vir homself begeer, ook nagegaan, m.a.w. wat hy in ander mense waardeer en wat hy meen hom sal help om sosiale aanname te verwerf by die gemeenskappe waarin hy beweeg. Ten slotte word aandag gewy aan die dagdrome van die adolessent wat aantoon watter dinge hy vir homself begeer in so 'n mate dat hy in sy dagdrome bepeins hoe hy dit kan bereik.

### (a) Nooi die adolessent se kennisse uit sy eie ouderdomsgroep hom na hulle geselskap of nie?

Of adolessente se kennise uit hulle eie ouderdomsgroep hulle na hulle geselskap nooi of nie word in tabel LXII en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LXII(a) tot LXII(c) aangetoon.

Tabel LXIII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 30 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 30. Nooi kennisse van u eie ouderdom u na hulle geselskap?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 24 | 10 | 22 | 11 | 18 | 10 | 16 | 8 | 11 | 5 | 5 | 6 | 15 | 5 | – | 16 | 9 | 13 |
| ges- | b | 27 | 39 | 36 | 37 | 39 | 33 | 38 | 36 | 40 | 28 | 37 | 30 | 26 | 14 | 43 | 38 | 36 | 37 |
| ties | c | 42 | 44 | 33 | 44 | 37 | 51 | 41 | 51 | 47 | 57 | 54 | 66 | 60 | 76 | 57 | 41 | 48 | 45 |

(i)/...

(i) Adolessente se kennisse uit hulle eie ouderdomsgroep nooi hulle nooit na hulle geselskap nie.

Tabel LXIII(a)

Reëlheid van verskille by vraag 30 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nooit.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 24 | 10 | 22 | | 11 | 18 | | 10 | 16 | | 8 | 11 | | 5 | 5 | | 6 | 15 | | 5 | – | 16 | 9 | 13 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | + | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | + | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

'n Klein persentasie van die ppe., nl. 16% seuns en 9% meisies, word nooit deur hulle kennisse uit die ouderdomsgroep na hulle geselskap uitgenooi nie. Hulle is dan die eensames wat veronreg voel omdat hulle geen deel aan die sosiale lewe het nie. Meer meisies as seuns is deur hierdie suggestie getrek, met beduidende verskille op ouderdomme 12 tot 16 jaar. By seuns is 'n beduidende daling merkbaar tussen 13 en 14 jaar, 15 en 16 jaar asook tussen 16 en 17 jaar maar daar is 'n beduidende styging tussen 17 en 18 jaar. Hoewel nie beduidend nie is by meisies ook 'n geleidelike afname merkbaar by hoër ouderdomme, as gevolg waarvan dit skyn asof beter sosiale aanpassings by hoër ouderdomsgroepe plaasgevind het, sodat minder leerlinge uit hulle ouderdomsgroepe uitgeskakel is.

(ii) Adolessente se kennisse uit hulle ouderdomsgroepe nooi hulle soms uit na hulle geselskap.

Sien bl. 359 vir tabel LXIII(b).

'n Sterk persentasie ppe., nl. 38% seuns en 36% meisies, word soms uitgenooi na die geselskap van hulle maats. Op 14 en 16 jaar is beduidend meer seuns as meisies deur hierdie suggestie getrek, sodat dit skyn of

groter/...

Tabel LXIII(b)

Reëelheid van verskille by vraag 30 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Soms.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 27 | 39 | 36 | | 37 | 39 | | 33 | 38 | | 36 | 40 | | 28 | 37 | | 30 | 26 | | 14 | 43 | 38 | 36 | 37 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

groter sekerheid t.o.v. hulle vriende en uitnodigings deur hulle by die meisies bestaan.

(iii) Adolessente se kennisse uit hulle ouderdomsgroep nooi hulle dikwels na hulle geselskap.

Tabel LXIII(c)

Reëelheid van verskille by vraag 30 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dikwels.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 42 | 44 | 33 | | 44 | 37 | | 51 | 41 | | 51 | 47 | | 57 | 54 | | 66 | 60 | | 76 | 57 | 41 | 48 | 45 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Die grootste persentasie ppe., nl. 41% seuns en 48% meisies, word dikwels uitgenooi na die geselskap van kennise van hulle eie ouderdomme. Hierdie suggestie het meer ppe. uit die meisies as uit die seuns getrek, met beduidende verskille op ouderdomme 13 tot 17 jaar. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat meisies mekaar onderling moontlik meer uitnooi as wat by seuns die geval is. 'n Beduidende styging is merkbaar by seuns tussen 15 en 16 jaar en by meisies is 'n beduidende styging tussen 13 en 14,

15/...

15 en 16 asook tussen 16 en 17 jaar merkbaar. 'n Styging by hoër ouderdomsgroepe skyn dus moontlik te wees, waarskynlik omdat by hoër ouderdomsgroepe meer sosiale verkeer en uitnodigings moontlik is.

(iv) Samevatting: Nooi die adolessent se kennisse uit sy eie ouderdomsgroep hom na hulle geselskap of nie?

'n Klein persentasie van ons ppe. word nooit deur hulle kennisse na hulle geselskap genooi nie, om redes wat ongelukkig nie in die ondersoek vasgestel is nie. Meer meisies as seuns val onder hierdie groep van eensames wat veronreg voel omdat hulle nie deel aan sosiale verrigtinge het nie. Namate hulle ouer word, word hulle aanpassings in sosiale verband beter en word hulle deur hulle kennisse meer na hulle geselskap uitgenooi.

'n Sterk persentasie van die ppe. word soms na die geselskap van hulle maats uitgenooi, maar meer seuns as meisies val onder hierdie groep wat net soms uitgenooi word, sodat die gegewens daarop dui dat meisies meer seker is van hulle vriende(-inne) en dat hulle dikwels uitgenooi sal word.

Die grootste persentasie ppe. word dikwels uitgenooi deur hulle vriende(-inne) met meer ppe. uit die meisies getrek sodat dit voorkom asof meisies meer sekerheid het oor hulle vriende(-inne) en uitnodigings na hulle geselskap. 'n Styging by hoër ouderdomsgroepe uit seuns sowel as meisies kan waarskynlik toegeskryf word aan die bestaan van meer geleenthede vir onderlinge sosiale verkeer.

(b) Word adolessente gou moeg in teenwoordigheid van mense en verlang na stilte?

In watter mate die adolessente moeg word vir die teenwoordigheid van mense en na stilte verlang, word in tabel LXIV en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LXIV(a) tot LXIV(b) aangetoon.

Tabel/...

Tabel LXIV

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 10 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 10. Word u gou moeg vir mense en verlang na stilte?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 19 | 24 | 21 | 28 | 26 | 31 | 27 | 28 | 31 | 34 | 47 | 46 | 31 | 48 | 43 | 28 | 31 | 29 |
| ges- | b | 79 | 76 | 75 | 70 | 71 | 68 | 71 | 58 | 67 | 57 | 55 | 56 | 68 | 52 | 57 | 70 | 63 | 67 |
| ties | c | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

(i) <u>Adolessente word gou moeg vir mense en verlang na stilte.</u>

Tabel LXIV(a)

Reëelheid van verskille by vraag 10 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Word gou moeg.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 19 24 | 21 | | 28 | 26 | | 31 | 27 | | 28 | 31 | | 34 | 47 | | 46 | 31 | | 48 | 43 | 28 | 31 | 29 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | + | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | + | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Taamlike sterk persentasie uit die ppe., nl. 28% seuns en 31% meisies, word gou moeg vir mense en verlang na stilte. Oor die algemeen is meer meisies as seuns deur hierdie suggestie getrek met beduidende verskille op 13 en 14 jaar. 'n Styging namate hulle ouer word, word aangetoon deur beduidende verskille by meisies tussen 15 en 16 asook tussen 16 en 17 jaar en by seuns tussen 13 en 14 asook tussen 16 en 17 jaar met 'n beduidende daling tussen 17 en 18 jaar.

(ii) <u>Adolessente word nie gou moeg vir mense nie en verlang nie na stilte nie.</u>

Sien bl. 262 vir Tabel LXIV(b).

Die grootste persentasie van ons ppe., nl. 70% seuns en 63% meisies, word nie gou moeg vir mense nie. Hierdie suggestie het deurgaans meer ppe. uit die seuns as uit die meisies getrek met beduidende verskille op 15

en 16/...

Tabel LXIV(b)

Reëelheid van verskille by vraag 10 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

Word nie gou moeg nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 79 76 | 75 | | 70 | 71 | | 68 | 71 | | 58 | 67 | | 57 | 55 | | 56 | 68 | | 52 | 57 | 70 | 63 | 67 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

en 16 jaar. Die persentasie meisies deur die suggestie getrek toon 'n geleidelike afname vanaf 12 tot 18 jaar, hoewel 'n beduidende verskil slegs tussen 14 en 15 jaar voorkom. Seuns toon weer 'n beduidende daling tussen 16 en 17 jaar. Die gegewens dui dus daarop dat meisies gouer moeg word vir mense as wat dit die geval met seuns is.

(iii) Samevatting: Word adolessente gou moeg vir mense en verlang na stilte?

Die gegewens dui sterk daarop dat adolessente seuns sowel as dogters sosiaal van aard is en nie gou moeg word in die geselskap van mense nie. Die houding en gedrag van mense sal 'n belangrike invloed op sy gedrag uitoefen omdat die adolessent lief is vir mense en hulle goedkeuring vir al sy doen en late verlang, 'n verskynsel wat in die literatuur aangetoon word. Die afname in daardie persentasie wat nie gou moeg word nie, soos ons dit vind by seuns sowel as meisies namate hulle ouer word, dui waarskynlik daarop dat die belangstelling van die adolessente vir enkele persone van die teenoorgestelde geslag toeneem, sodat die belangstelling in mense oor die algemeen afneem, waarskynlik omdat dit die geleenthede om met die persoon van die teenoorgestelde geslag alleen te wees sal beperk as daar ander mense aanwesig is.

(c)/...

(c) Wat die adolessente moeg maak in die teenwoordigheid van mense.

Tabel LXV

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 11 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 11. Wat maak u moeg in teenwoordigheid van mense? (Slegs diegene wat vraag 10(a) aangemerk het.)

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- ges- ties | a | 15 | 3 | 6 | 8 | 8 | 7 | 5 | 7 | 7 | 5 | 10 | 6 | 9 | 5 | 43 | 7 | 7 | 7 |
| | b | 19 | 26 | 13 | 16 | 15 | 17 | 18 | 16 | 19 | 20 | 28 | 24 | 28 | 33 | 29 | 18 | 18 | 18 |
| | c | 10 | 4 | 7 | 4 | 7 | 5 | 6 | 6 | 6 | 7 | 8 | 12 | 7 | 10 | 7 | 7 | 6 | 6 |
| | d | 2 | 3 | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 | 7 | 8 | 7 | 10 | 13 | 12 | 29 | - | 7 | 7 | 7 |
| | e | 13 | 29 | 20 | 23 | 20 | 28 | 20 | 25 | 19 | 27 | 30 | 33 | 26 | 33 | 43 | 24 | 26 | 25 |

Wat adolessente moeg maak in die teenwoordigheid van mense word aangetoon in tabel LXV . Die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties word aangetoon in tabelle LXV(a) tot LXV(e).

(i) Adolessente word moeg vir die gedreun van mensestemme.

Tabel LXV(a)

Reëelheid van verskille by vraag 11 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Die gedreun van mensestemme.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 15 3 | 6 | | 8 | 8 | | 7 | 5 | | 7 | 7 | | 5 | 10 | | 6 | 9 | | 5 | 43 | 7 | 7 | 7 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef- tye | 12 | + | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | + | | | |

Hierdie suggestie het maar 'n geringe persentasie uit ons ppe., getrek, nl. 7% seuns sowel as meisies. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat adolessente lief is vir mense en dat die gedreun van mensestemme hulle nie vermoei nie. Slegs op 19 jaar is by seuns 'n groot persentasie ppe. getrek, waarskynlik omdat hulle belangstelling op die ouderdom nie in mense oor die algemeen is nie maar in 'n besondere persoon van die teenoorgestelde geslag en daarom

maak/...

maak die teenwoordigheid van mense hom moeg, aangesien hy alleen wil wees.

(ii) Adolessente word moeg vir die gesanik van mense oor hulle moeilikhede en probleme.

Tabel LXV(b)

Reëelheid van verskille by vraag 11 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Die gesanik oor hulle moeilikhede en probleme.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 19 26 | 13 | | 16 | 15 | | 17 | 18 | | 16 | 19 | | 20 | 28 | | 24 | 28 | | 33 | 29 | 18 | 18 | 18 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

'n Sterk persentasie ppe., nl. 18% seuns sowel as meisies, is deur hierdie suggestie getrek. 'n Geleidelike styging by hoër ouderdomme kom voor hoewel beduidende verskille by seuns slegs tussen 16 en 17 jaar voorkom en by meisies glad nie voorkom nie. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die adolessent nie belangstel in die persoonlike probleme van die mense nie en dat die gesanik oor hulle persoonlike sake hom moeg maak.

(iii) Adolessente word moeg vir mense omdat almal net vol van hulleself is en nie in hulle ook belangstel nie.

Tabel LXV(c)

Reëelheid van verskille by vraag 11 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.
Suggestie: Omdat almal net vol van hulleself is en nie in my belangstel nie.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 10 4 | 7 | | 4 | 7 | | 5 | 6 | | 6 | 6 | | 7 | 8 | | 12 | 7 | | 10 | 7 | 7 | 6 | 6 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | + | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hierdie/...

Hierdie suggestie het slegs 7% seuns en 6% meisies uit ons ppe. getrek en slegs op 12 jaar is beduidend meer seuns hierdeur getrek. Dit kan waarskynlik verband hou met sy toelating tot die hoërskool wat vir hom iets nuuts is en hy daarom graag wil hê dat ander persone ook in hom sal belangstel en nie net vol van hulleself sal wees nie. Moontlik kan die geringe persentasie ppe. uit seuns en meisies hierdeur getrek daaraan gewyt word dat hulle nie wil erken dat hulle daarna verlang dat mense in hulle sal belangstel nie.

(iv) <u>Adolessente word moeg vir die gejaagdheid en haastigheid van die mense.</u>

Tabel LXV(d)

Reëelheid van verskille by vraag 11 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Die gejaagdheid en haastigheid van die mense.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 2 3 | 6 | | 6 | 6 | | 6 | 6 | | 7 | 8 | | 7 | 10 | | 13 | 12 | | 29 | - | 7 | 7 | 7 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Die geringe persentasie ppe. deur hierdie suggestie getrek, nl. 7% seuns sowel as meisies, dui daarop dat die gejaagdheid en haastigheid van mense nie noodwendig die adolessente self hoef te raak nie. Omdat hulle van mense oor die algemeen hou, raak hierdie gejaagdheid hulle nie.

(v) <u>Adolessente word moeg vir die skinderstories van mense.</u>

Tabel LXV(e)/...

Tabel LXV(e)

Reëelheid van verskille by vraag 11 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Hulle skinderstories.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 13 29 | 20 | | 23 | 20 | | 28 | 20 | | 25 | 19 | | 27 | 30 | | 33 | 26 | | 33 | 43 | 24 | 26 | 25 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | + | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie het die hoogste persentasie uit die ppe. van albei geslagte getrek, nl. 24% seuns en 26% meisies. Meer ppe. is uit die meisies getrek met beduidende verskille op ouderdomme 12, 14 15 en 16 jaar. 'n Beduidende styging is by seuns merkbaar tussen 16 en 17 jaar en by meisies tussen 13 en 14 jaar. Die hoë persentasie ppe. uit albei geslagte deur hierdie suggestie getrek, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die adolessent meer belang in mense stel, as in die geskinder oor mense en dus nie belang het by die skinderstories nie. Die groter persentasie uit die meisies getrek, is waarskynlik omdat meisies meer in situasies kom waar oor ander persone geskinder word as wat die geval by die seuns is.

(vi) Samevatting: Wat adolessente moeg maak in teenwoordigheid van mense.

Uit die gegewens blyk dit dat die adolessent moeg word vir en nie belangstel in die dinge i.v.m. mense waarby hy nie self betrokke is nie. Dit is daarom dat skinderstories seuns sowel as meisies gou moeg maak, asook die gedurige gesanik van mense oor hulle moeilikhede en probleme. Die geringe persentasie getrek deur die suggestie dat almal net vol van hulleself is en nie in die adolessent belangstel

nie/...

nie, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat seuns en meisies nie wil erken dat hulle daarna verlang dat ander persone in hulle belangstel nie. Dit plaas hierdie suggestie dan in 'n ander kategorie as die bostaande twee, alhoewel daar 'n mate van ooreenkoms bestaan. Namate hulle ouer word, word leerlinge meer moeg vir die gesanik van mense oor hulle probleme, terwyl meisies meer moeg word vir skinderstories. Die gedreun van mensestemme en die gejaagdheid van die mense maak die adolessente nie gou moeg nie, waarskynlik omdat hulle van mense hou en nie deur die teenwoordigheid van mense ook in die opsig gehinder word nie.

(d) <u>Is dit vir adolessente moeilik om vriende te maak?</u>

Of dit vir adolessente moeilik of maklik is om vriende te maak, word in tabel LXVI en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LXVI(a) tot LXVI(c) aangetoon.

<u>Tabel LXVI</u>

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 44 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 44. Ondervind u moeilikheid om vriende te maak?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 16 | 12 | 10 | 12 | 12 | 12 | 10 | 8 | 14 | 13 | 10 | 21 | 16 | 33 | 21 | 11 | 11 | 11 |
| ges- | b | 40 | 37 | 38 | 42 | 42 | 44 | 43 | 46 | 43 | 47 | 46 | 41 | 38 | 33 | 36 | 42 | 44 | 43 |
| ties | c | 45 | 51 | 52 | 44 | 45 | 43 | 45 | 41 | 42 | 34 | 44 | 42 | 46 | 33 | 43 | 45 | 41 | 43 |

(i) <u>Adolessente ondervind wel moeilikheid om vriende te maak.</u>

<u>Tabel LXVI(a)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 44 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.
<u>Suggestie:</u> Ja.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 16 | 12 | 10 | | 12 | 12 | | 12 | 10 | | 8 | 14 | | 13 | 10 | | 21 | 16 | | 33 | 21 | 11 | 11 | 11 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | | – | | + | | + | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | | – | | – | | + | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Die kleinste persentasie ppe., nl. 11% by seuns sowel as meisies, ondervind moeilikheid om vriende te maak. By meisies is daar 'n daling tussen 14 en 15 jaar, gevolg deur 'n styging tussen 15 en 16 jaar asook tussen 16 en 17 jaar. By seuns vind ons ook 'n beduidende styging tussen 15 en 16 jaar en op 17 jaar is beduidend meer meisies as seuns deur hierdie suggestie getrek. Die styging wat ons by hoër ouderdomme vind, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die eise wat die ouer adolessente aan hulle vriende (-inne) stel waarskynlik hoër is en daarom maak hulle nie sommer vriende nie maar sal eers wag om die persone te leer ken. Die gegewens dui daarop dat 15 jaar die ouderdom is waarop adolessente die maklikste vriende maak.

(ii) Adolessente vind dit nie juis moeilik om vriende te maak nie.

Tabel LXVI(b)

Reëelheid van verskille by vraag 44 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nie juis moeilik nie.

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 40 | 37 | 38 | | 42 | 42 | | 44 | 43 | | 46 | 43 | | 47 | 46 | | 41 | 38 | | 33 | 36 | 42 | 44 | 43 |
| Vglyking | | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

'n Sterk persentasie van die ppe., nl. 42% seuns en 44% meisies, vind dit nie juis moeilik om vriende te maak nie. Geen beduidende verskille tussen geslag en ouderdomme kom voor nie en die gegewens dui daarop dat die adolessent in staat is om vriende te maak en om wenslike verhoudings daar te stel.

(iii)/...

(iii) Adolessente maak maklik vriende.

Tabel LXVI(c)

Reëelheid van verskille by vraag 44 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Maak maklik vriende.

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 45 | 51 | 52 | | 44 | 45 | | 43 | 45 | | 41 | 42 | | 34 | 44 | | 42 | 46 | | 33 | 43 | 45 | 41 | 43 |
| Vglyking | | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Die gegewens dui op 'n sterk persentasie ppe. wat meen dat hulle maklik vriende maak, nl. 45% seuns en 41% meisies. Meer seuns is deur die suggestie getrek met beduidende verskille op 13 en 16 jaar. Die gegewens dui dus daarop dat die adolessent nie alleen die begeerte het om vriende te hê nie maar ook die tegniek besit om maklik vriende te maak. Hy is dus by uitnemendheid 'n sosiale wese.

(iv) Samevatting: Is dit vir adolessente maklik of moeilik om vriende te maak?

Die gegewens dui daarop dat slegs 'n klein persentasie ppe. dit moeilik vind om vriende te maak terwyl die grootste meerderheid dit nie juis moeilik vind nie of baie maklik vind om vriende te maak.

(e) Is dit vir adolessente maklik of moeilik om aan te pas by vreemde mense en nuwe omgewings?

Tabel LXVII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 45 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 45. Is dit vir u maklik om aan te pas by vreemde mense en nuwe omgewings?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 42 | 41 | 42 | 36 | 36 | 39 | 45 | 41 | 46 | 42 | 49 | 52 | 56 | 52 | 29 | 43 | 40 | 42 |
| ges- | b | 24 | 24 | 29 | 30 | 31 | 29 | 27 | 28 | 29 | 29 | 26 | 24 | 26 | 24 | 64 | 29 | 29 | 29 |
| ties | c | 39 | 34 | 26 | 31 | 26 | 31 | 26 | 30 | 23 | 27 | 22 | 25 | 16 | 24 | 7 | 25 | 30 | 28 |

Of/...

Of dit vir adolessente maklik of moeilik is om aan te pas by vreemde mense en nuwe omgewings word aangetoon in tabel LXVII en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LXVII(a) tot LXVII(b).

(i) <u>Vir adolessente is dit maklik om aan te pas by vreemde mense en nuwe omgewings.</u>

<u>Tabel LXVII(a)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 45 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Ja.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 42 41 | 42 | | 36 | 36 | | 39 | 45 | | 41 | 46 | | 42 | 49 | | 52 | 56 | | 52 | 29 | 43 | 40 | 42 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | − | | + | | − | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | + | | | |

Vir 'n baie sterk persentasie van die ppe., nl. 43% seuns en 40% meisies, is dit maklik om aan te pas by vreemde mense en nuwe omgewings. By seuns is 'n daling tussen 13 en 14 jaar merkbaar, gevolg deur 'n styging tussen 14 en 15 asook weer 'n daling tussen 18 en 19 jaar. By meisies is 'n beduidende styging tussen 16 en 17 jaar merkbaar wat deel is van 'n geleidelike styging by hoër ouderdomme. Ons vind ook by seuns hierdie geleidelike styging by hoër ouderdomme. Namate hulle ouer word, is dit dus vir adolessente makliker om by vreemde mense en nuwe omgewings aan te pas.

(ii) <u>Vir adolessente is dit nie maklik om by vreemde mense en nuwe omgewings aan te pas nie.</u>

Tabel LXVII(b)/...

Tabel LXVII(b)

Reëelheid van verskille by vraag 45 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

Nee.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 24 24 | 29 | | 30 | 31 | | 29 | 27 | | 28 | 29 | | 29 | 26 | | 24 | 26 | | 24 | 64 | 29 | 29 | 29 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | + | | | |

Vir 'n sterk persentasie ppe., nl. 29% by seuns sowel as meisies, is dit nie maklik om aan te pas by vreemde mense en nuwe omgewings nie. Beduidende verskille kom slegs tussen 18 en 19 jaar seuns voor, waar dit vir die ouer seuns nie maklik is om aan te pas by vreemde mense en nuwe omgewings nie. Die gegewens dui dus daarop dat aanpassing by vreemde mense en nuwe omgewings vir die adolessente in 'n groot mate wel probleme oplewer.

(iii) <u>Adolessente is onseker of dit vir hulle maklik of moeilik is om aan te pas by vreemde mense en nuwe omgewings.</u>

Tabel LXVII(c)

Reëelheid van verskille by vraag 45 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

Weet nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 39 34 | 26 | | 31 | 26 | | 31 | 26 | | 30 | 23 | | 27 | 22 | | 25 | 16 | | 24 | 7 | 25 | 30 | 28 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | – | + | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

'n Redelike/...

'n Redelike sterk persentasie ppe., nl. 25% seuns en 30% meisies, is onseker of dit maklik of moeilik vir hulle is om aan te pas by vreemde mense en nuwe omgewings. Daaruit kan waarskynlik afgelei word dat dit in 'n mate wel moeilik is maar tog nie te veel probleme oplewer nie. Op 14 jaar is beduidend meer meisies as seuns deur die suggestie getrek en hoewel nie beduidend nie toon die ander ouderdomsgroepe vanaf 13 jaar en hoër dieselfde neiging. Tussen seuns van 12 en 13 jaar is 'n beduidende daling en by die hoër ouderdomsgroepe is dieselfde verskynsel merkbaar, alhoewel die verskille nie beduidend is nie. Onsekerheid verdwyn in 'n groot mate by die hoër ouderdomsgroepe.

(iv) Samevatting: Is dit vir adolessentė maklik of moeilik om by vreemde mense en nuwe omgewings aan te pas?

Hoewel 'n sterk persentasie van die ppe. sê dat aanpassing by vreemde mense en nuwe omgewings vir hulle maklik is, is dit vir 'n redelike sterk persentasie tog 'n moeilike saak. Indien onsekerheid of dit maklik of moeilik is 'n aanduiding is dat hulle aanpassing moeilik vind, kan ons sê dat dit vir die meeste van die ppe. 'n moeilike saak is om by vreemde mense en nuwe omgewings aan te pas. Dit staan dan in teenstelling met vraag 44 (tabel LXVI(c)), waar die meeste ppe. sê dat dit vir hulle maklik is om vriende te maak. Waarskynlik is dit maklik om vriende te maak met hulle eie ouderdomsgroep maar moeilik om by volwassenes aan te pas.

(f) Wat adolessente verkies om te doen en hoe hulle optree by sosiale byeenkomste.

Wat adolessente verkies en hoe hulle optree by sosiale byeenkomste word in tabel LXVIII en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LXVIII(a) tot LXVIII(c) aangetoon.

Tabel LXVIII/...

Tabel LXVIII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 42 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 42. Wat verkies u om te doen by sosiale byeenkomste?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 40 | 38 | 36 | 31 | 34 | 26 | 33 | 23 | 35 | 23 | 38 | 28 | 49 | 33 | 43 | 35 | 26 | 31 |
| ges- | b | 36 | 49 | 43 | 48 | 47 | 57 | 52 | 63 | 52 | 61 | 45 | 68 | 31 | 48 | 36 | 48 | 51 | 50 |
| ties | c | 16 | 10 | 14 | 14 | 13 | 9 | 13 | 12 | 13 | 14 | 18 | 10 | 21 | 24 | 29 | 14 | 11 | 12 |

(i) <u>Adolessente verkies om liewer op die agtergrond te bly maar darem mee te doen.</u>

Tabel LXVIII(a)

Reëelheid van verskille by vraag 42 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Liewers op die agtergrond bly maar darem meedoen.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 40 38 | 36 | | 31 | 34 | | 26 | 33 | | 23 | 35 | | 23 | 38 | | 28 | 49 | | 33 | 43 | 35 | 26 | 31 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef- tye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Sterk persentasie van ons ppe., nl. 35% seuns en 26% meisies, verkies om meer op die agtergrond te bly maar darem mee te doen aan sosiale byeenkomste. Meer seuns is deur hierdie suggestie getrek en beduidende verskille is ook op 14, 15 en 16 jaar merkbaar. Waarskynlik dui dit op 'n gebrek aan selfvertroue as gevolg van min ervaring, sodat die jongmense gevolglik nie presies weet hoe om op te tree nie en dus eers op die agtergrond wil bly en sake goed wil dophou voordat hulle tot volle ontplooiing sal kom. Dit is ook die kenmerkende optrede in vreemde situasies, waar die adolessent eers by andere wil leer voordat hy self optree.

(ii)/...

(ii) Adolessente wil graag meedoen aan sosiale byeenkomste.

Tabel LXVIII(b)

Reëelheid van verskille by vraag 42 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Wil graag meedoen.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 36 49 | 43 | | 48 | 47 | | 57 | 52 | | 63 | 52 | | 61 | 45 | | 68 | 31 | | 48 | 36 | 48 | 51 | 50 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Die grootste meerderheid van die ppe., nl. 48% seuns en 51% meisies, wil graag meedoen aan sosiale aktiwiteite. Die gegewens dui dus op 'n werklike behoefte by die adolessent aan sosiale omgang met ander persone. Meer meisies is deur hierdie suggestie getrek en beduidende verskille kom voor op ouderdomme 14 tot 17 jaar, sodat dit skyn asof meisies op hierdie ouderdomme 'n groter behoefte as seuns het om deel te neem aan sosiale verrigtinge. Oor die algemeen is die adolessent 'n sterk sosiale wese wat in noue omgang met sy medemense wil bly, soos ons dit ook in die literatuur vind [1].

(iii) Adolessente verkies om self leiding te gee en sal dit ook doen.

Tabel LXVIII(c)

Reëelheid van verskille by vraag 42 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.
Suggestie: Sal leiding gee.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 16 10 | 14 | | 14 | 13 | | 9 | 13 | | 12 | 13 | | 14 | 18 | | 10 | 21 | | 24 | 29 | 14 | 11 | 12 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Klein/...

1) Malm & Jamison: Adolescence, 220.

'n Klein persentasie van die ppe., nl. 14% seuns en 11% meisies, sê dat hulle graag leiding sal gee by sosiale byeenkomste. Dit is die eerste aanduidings van leierskap en kom ooreen met die daaglikse lewe waar die persentasie leiers ook nie te hoog is nie.

| | 13 | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Baie/...

'n Baie sterk persentasie, nl. 32% seuns en 51% meisies, is deur hierdie suggestie getrek. Dagdromery kom in 'n groot mate voor by albei geslagte maar meisies het meer deel daaraan as wat seuns het, sodat beduidende verskille by al die ouderdomsgroepe tussen 13 en 17 jaar voorkom. Namate hulle ouer word, het meer ppe. hierdie suggestie aangemerk met beduidende verskille by seuns tussen 14 en 15 asook 16 en 17 jaar en by meisies tussen 14 en 15 asook tussen 16 en 17 jaar. Dagdromery kom meer voor by die ouer leerlinge en by meisies meer as by seuns.

(ii) <u>Adolessente hou nie daarvan om stil te sit en net te droom nie.</u>

<u>Tabel LXXIX(b)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 12 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Nee.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 58 | 46 | 67 | | 51 | 65 | | 46 | 57 | | 39 | 57 | | 30 | 32 | | 19 | 32 | | 24 | 14 | 58 | 41 | 50 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie het 58% seuns en 41% meisies uit ons ppe. getrek. Meer seuns as meisies hou nie van dagdrome nie, met beduidende verskille op ouderdomme 13 tot 17 jaar. 'n Afname in die persentasie wat die suggestie aangemerk het, is merkbaar by hoër ouderdomme en beduidende verskille by seuns kom voor tussen 14 en 15 asook tussen 16 en 17 jaar en by meisies tussen 14 en 15, 15 en 16 asook tussen 16 en 17 jaar. Die grootste persentasie seuns, veral onder die laer ouderdomsgroepe, hou nie van dagdromery nie terwyl die meisies veral uit hoër ouderdomsgroepe wel daarvan hou.

(iii)/...

(iii) Adolessente staan onverskillig teenoor dagdrome.

Tabel LXXIX(c)

Reëelheid van verskille by vraag 12 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Onverskillig.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 7 12 | 8 | | 5 | 7 | | 7 | 12 | | 8 | 12 | | 7 | 11 | | 8 | 6 | | – | 7 | 10 | 7 | 9 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Slegs 10% seuns en 7% meisies staan onverskillig teenoor dagdrome. Op 15 en 16 jaar is beduidend meer seuns as meisies deur die suggestie getrek terwyl daar 'n beduidende styging by seuns merkbaar is tussen 14 en 15 jaar.

(iv) Samevatting: Of adolessente daarvan hou om stil te sit en net te droom.

Hoewel sterk persentasies uit albei geslagte getrek is, hou die meeste seuns nie van dagdrome nie terwyl die meeste meisies wel daarvan hou. Veral uit die hoër ouderdomsgroepe van albei geslagte is meer ppe. getrek, sodat die gegewens daarop dui dat ouer leerlinge liewer vir dagdromery is as wat jonger leerlinge is.

(j) Waaroor die dagdrome van adolessente gaan.

Waaroor die dagdrome van adolessente gaan, word aangetoon in tabel LXXX en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LXXX(a) tot LXXX(h).

Tabel LXXX/...

Tabel LXXX

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 13, getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 13. Waaroor gaan u dagdrome? (Almal wat op u van toepassing is).

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Suggesties | a | 18 | 10 | 14 | 11 | 15 | 19 | 18 | 27 | 22 | 26 | 37 | 28 | 38 | 29 | 64 | 19 | 21 | 21 |
| | b | 18 | 41 | 28 | 28 | 28 | 31 | 30 | 36 | 40 | 35 | 44 | 51 | 51 | 48 | 43 | 32 | 34 | 34 |
| | c | 50 | 35 | 40 | 32 | 44 | 40 | 47 | 48 | 56 | 50 | 67 | 69 | 75 | 81 | 71 | 49 | 44 | 47 |
| | d | 13 | 6 | 13 | 7 | 11 | 8 | 11 | 14 | 15 | 12 | 21 | 8 | 25 | 10 | 29 | 16 | 10 | 13 |
| | e | 36 | 41 | 43 | 33 | 46 | 41 | 47 | 50 | 54 | 52 | 64 | 67 | 69 | 76 | 71 | 49 | 53 | 52 |
| | f | 18 | 10 | 12 | 15 | 16 | 23 | 16 | 31 | 21 | 33 | 38 | 46 | 32 | 29 | 64 | 18 | 26 | 23 |
| | g | 3 | 6 | 5 | 5 | 7 | 6 | 7 | 8 | 12 | 6 | 13 | 8 | 10 | - | 21 | 8 | 6 | 7 |
| | h | 15 | 24 | 15 | 33 | 16 | 33 | 17 | 35 | 16 | 33 | 19 | 31 | 18 | 19 | 7 | 16 | 33 | 25 |

(i) <u>Adolessente se dagdrome gaan oor liefdesverhoudings.</u>

Tabel LXXX(a)

Reëelheid van verskille by vraag 13 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Liefdesverhoudings.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 18 10 | 14 | | 11 | 15 | | 19 | 18 | | 27 | 22 | | 26 | 37 | | 28 | 38 | | 29 | 64 | 19 | 21 | 21 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | – | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | + | | | |

'n Redelike persentasie van die dagdrome van seuns sowel as meisies, nl. 19% by seuns en 21% by meisies, gaan oor liefdesverhoudings. Meer meisies as seuns is deur die suggestie getrek, alhoewel beduidende verskille slegs op 14 en 15 jaar voorkom. By seuns sowel as by meisies is daar 'n geleidelike toename by hoër ouderdomme, sodat beduidende stygings by meisies voorkom tussen 13 en 14 asook tussen 14 en 15 jaar en by seuns tussen 16 en 17 asook tussen 18 en 19 jaar.

Die styging by hoër ouderdomme hou waarskynlik verband met die toenemende belangstelling in die teenoorgestelde geslag, sodat meer geleentheid vir dagdrome oor

liefdesverhoudings/...

liefdesverhoudings voorkom.

(ii) Adolessente se dagdrome gaan oor sukses.

Tabel LXXX(b)

Reëelheid van verskille by vraag 13 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Sukses.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 18 | 41 | 28 | | 28 | 28 | | 31 | 30 | | 36 | 40 | | 35 | 44 | | 51 | 51 | | 48 | 43 | 32 | 34 | 34 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | + | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Die dagdrome van 32% seuns en 34% meisies gaan oor sukses. Meer meisies as seuns is deur die suggestie getrek en beduidende verskille kom voor op ouderdomme 12 en 15 jaar. Tussen 12 en 13 jaar is daar 'n daling by meisies en weer 'n styging tussen 14 en 15 asook tussen 16 en 17 jaar. By seuns is ook 'n styging tussen 15 en 16 jaar merkbaar. Die gegewens dui daarop dat namate die leerlinge ouer word sukses vir hulle van meer belang is terwyl meisies meer op sukses gesteld is (waarskynlik in hulle skoolwerk) as wat die geval met seuns is.

(iii) Adolessente se dagdrome gaan oor toekomsplanne.

Tabel LXXX(c)

Reëelheid van verskille by vraag 13 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Toekomsplanne.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 50 | 35 | 40 | | 32 | 44 | | 40 | 47 | | 48 | 56 | | 50 | 67 | | 69 | 75 | | 81 | 71 | 49 | 44 | 47 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | − | | + | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | + | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie/...

Hierdie suggestie het 49% seuns en 44% meisies uit ons ppe. getrek. Op 13 jaar is beduidend meer seuns as meisies deur die suggestie getrek en 'n toename is merkbaar by die hoër ouderdomsgroepe, sodat beduidende stygings voorkom by meisies tussen 13 en 14, 16 en 17 asook tussen 17 en 18 jaar en by seuns tussen 15 en 16 asook tussen 16 en 17 jaar. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat leerlinge, namate hulle ouer word, besef dat hulle aandag aan hulle toekomsplanne moet bestee en dan 'n besluit daaroor moet neem. Dagdrome vorm moontlik vir hulle 'n hulp in die besluit.

(iv) <u>Adolessente se dagdrome gaan oor eer en roem.</u>

<u>Tabel LXXX(d)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 13 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
Eer en roem.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 13 6 | 13 | | 7 | 11 | | 8 | 11 | | 14 | 15 | | 12 | 21 | | 8 | 25 | | 10 | 29 | 16 | 10 | 13 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hierdie suggestie het 'n kleiner persentasie uit die ppe. getrek, nl. 16% by seuns en 10% by meisies. Meer seuns as meisies is deur die suggestie getrek op 13 en 17 jaar. 'n Beduidende styging kom by meisies voor tussen 14 en 15 jaar en by seuns tussen 15 en 16 jaar. Die gegewens dui daarop dat eer en roem meer die dagdrome van seuns in beslag neem as wat die geval by meisies is.

(v) <u>Adolessente se dagdrome gaan oor hulle toekomstige beroep.</u>

Tabel LXXX(e)/...

Tabel LXXX(e)

Reëelheid van verskille by vraag 13 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
My toekomstige beroep.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 36 | 41 | 43 | | 33 | 46 | | 41 | 47 | | 50 | 54 | | 52 | 64 | | 67 | 69 | | 76 | 71 | 49 | 53 | 52 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | | − | | + | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | | − | | + | | + | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Die meeste seuns sowel as meisies se dagdrome gaan oor 'n toekomstige beroep. Op 13 en 14 jaar is meer seuns as meisies deur hierdie suggestie getrek. By meisies is 'n beduidende styging tussen 13 en 14, 15 en 15 asook tussen 16 en 17 jaar terwyl by seuns 'n beduidende styging tussen 15 en 16 jaar voorkom. Die gegewens dui daarop dat die saak van 'n toekomstige beroep vir die ouer adolessente meer aktueel word en dat hulle dagdrome ook meer daaroor gaan.

(vi) Adolessente se dagdrome gaan oor hulle toekomstige lewensmaat.

Tabel LXXX(f)

Reëelheid van verskille by vraag 13 suggestie (f) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
My toekomstige lewensmaat.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 18 | 10 | 12 | | 15 | 16 | | 23 | 16 | | 31 | 21 | | 33 | 38 | | 46 | 32 | | 29 | 64 | 18 | 26 | 23 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | + | | | |

'n Goeie/...

'n Goeie persentasie ppe. se dagdrome gaan oor hulle toekomstige lewensmaat, nl. 18% by seuns en 26% by meisies. Hier is ook 'n geleidelike toename by hoër ouderdomme wat beduidende verskille toon by meisies tussen 13 en 14, 14 en 15 asook tussen 16 en 17 jaar en by seuns tussen 15 en 16, 16 en 17 asook tussen 18 en 19 jaar. Meer meisies as seuns is deur die suggestie getrek met beduidende verskille op 14, 15 en 16 jaar. Die gegewens dui daarop dat namate die leerlinge ouer word hulle die teenoorgestelde geslag al meer in die lig van 'n toekomstige lewensmaat sien en dan aan daardie lewensmaat in hulle dagdrome dink. Verder dui dit ook daarop dat meisies meer in hulle dagdrome aan hulle toekomstige lewensmaat dink as wat die geval met seuns is, waarskynlik omdat meisies moet wag en droom totdat 'n seun hulle besoek terwyl die seun gaan besoek aflê by die persoon in wie hy belangstel.

(vii) <u>Adolessente se dagdrome gaan oor rykdom.</u>

Tabel LXXX(g)

Reëelheid van verskille by vraag 13 suggestie (g) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Rykdom.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 3 6 | 5 | | 5 | 7 | | 6 | 7 | | 8 | 12 | | 6 | 13 | | 8 | 10 | | – | 21 | 8 | 6 | 7 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hierdie suggestie het slegs 'n geringe persentasie getrek nl. 8% by seuns en 6% by meisies. Hoewel slegs op 16 jaar 'n beduidende verskil opgemerk word, skyn dit of meer seuns as meisies se dagdrome oor rykdom gaan. Tussen 15 en 16 jaar is 'n beduidende styging by seuns merkbaar, sodat dit skyn of rykdom 'n belangriker plek inneem in die dagdrome van die ouer seuns.

(viii)/...

(viii) Adolessente se dagdrome gaan oor skoonheid.

Tabel LXXX(h)

Reëelheid van verskille by vraag 13 suggestie (h) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Skoonheid.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 15 | 24 | 15 | | 33 | 16 | | 33 | 17 | | 35 | 16 | | 33 | 19 | | 31 | 18 | | 19 | 7 | 16 | 33 | 25 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Goeie persentasie, nl. 16% seuns en 33% meisies, se dagdrome gaan oor skoonheid. Meer meisies as seuns se dagdrome gaan hieroor en beduidende verskille kom voor op ouderdomme 13 tot 17 jaar. Haar voorkoms is vir die meisie belangriker as wat dit vir die seun is by al die ouderdomsgroepe. Hierdie gegewens staan in teenstelling met tabel LXX, waar meer seuns as meisies begeer om mooi te lyk.

(ix) Samevatting: Waaroor die dagdrome van adolessente gaan.

Van aktuele belang vir die adolessent en veral vir die ouer leerlinge is 'n toekomstige beroep en daarom het hierdie suggestie die meeste ppe. getrek. Die dagdrome is waarskynlik 'n hulp terwyl oorweging en 'n keuse moet plaasvind. Daarom kom dit meer in die dagdrome van ouer leerlinge voor. Nou verwant hieraan is hulle toekomsplanne wat veral betrekking het op die keuse van 'n beroep en ook 'n groot persentasie ppe. getrek het, veral uit die ouer leerlinge. Dieselfde geld ook vir sukses as onderwerp van die dagdrome. 'n Sterk persentasie ppe. het dit aangemerk en ons vind ook 'n styging by die hoër ouderdomsgroepe.

'n Volgende groep sake waaroor die dagdrome gaan en wat onderlinge verband toon, is skoonheid wat vir die

meisie/...

meisie van groter belang is as vir die seun. Dieselfde geld ook vir 'n toekomstige lewensmaat wat meer ppe. uit die meisies getrek het maar wat ook vir seuns van belang is. Hierdie saak neem egter toe in belangrikheid namate die leerlinge ouer word en meer belangstelling in die teenoorgestelde geslag openbaar. Meer meisies as seuns se dagdrome gaan ook oor liefdesverhoudings terwyl die dagdrome van die ouer leerlinge al meer en meer hierdeur in beslag geneem word.

Eer en roem asook rykdom is sake wat meer van die seuns se dagdrome in beslag neem as wat dit die geval met meisies is. Ook neem dit 'n belangriker plek in die dagdrome van die ouer leerlinge in. Oor die algemeen egter word die minste dagdrome hieraan gewy.

Samevattend kan ons sê dat die dagdrome van die adolessent oor toekomsplanne gaan wat 'n beroep en sukses insluit aan die een kant en die keuse van 'n toekomstige lewensmaat en alles wat in verband daarmee staan aan die ander kant. Hierdie sake is van soveel aktuele belang dat dit feitlik al sy dagdrome in beslag neem en dat die ander sake soos rykdom, eer en roem maar net van soveel waarde is as wat dit 'n bydrae tot die vorige kan lewer.

(k) <u>Watter invloed die dagdrome op adolessente het.</u>

Die invloed van dagdrome op die adolessent word aangetoon in tabel LXXXI en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LXXXI(a) tot LXXXI(e).

Sien bl. 401 tabel LXXXI.

(i) <u>Die invloed van die dagdrome op die adolessent is niks besonders nie.</u>

Tabel/...

## Tabel LXXXI

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 14 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 14. Watter invloed het die dagdrome op u?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| | a | 23 | 18 | 22 | 21 | 23 | 16 | 19 | 16 | 23 | 12 | 15 | 15 | 18 | 5 | 14 | 21 | 16 | 19 |
| Sug- | b | 23 | 21 | 18 | 27 | 16 | 26 | 18 | 34 | 19 | 30 | 25 | 43 | 26 | 33 | 57 | 19 | 28 | 24 |
| ges- | c | 29 | 49 | 28 | 22 | 27 | 34 | 33 | 36 | 35 | 35 | 41 | 42 | 41 | 43 | 29 | 28 | 33 | 31 |
| ties | d | 16 | 9 | 17 | 12 | 18 | 15 | 16 | 22 | 13 | 14 | 13 | 8 | 21 | 14 | 21 | 16 | 16 | 16 |
| | e | 23 | 19 | 24 | 25 | 28 | 30 | 26 | 31 | 27 | 28 | 32 | 34 | 26 | 43 | 29 | 27 | 29 | 29 |

## Tabel LXXXI(a)

Reëelheid van verskille by vraag 14 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Niks besonders nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 23 18 | 22 | | 21 | 23 | | 16 | 19 | | 16 | 23 | | 12 | 15 | | 15 | 18 | | 5 | 14 | 21 | 16 | 19 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

'n Redelike persentasie, nl. 21% seuns en 16% meisies, sê dat die dagdrome geen besondere invloed op hulle uitoefen nie. Meer seuns as meisies is deur hierdie suggestie getrek met beduidende verskille op 14 en 16 jaar.

(ii) <u>Vir adolessente is dit net aangenaam om te droom.</u>

## Tabel LXXXI(b)

Reëelheid van verskille by vraag 14 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dis net aangenaam om te droom.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 23 21 | 18 | | 27 | 16 | | 26 | 18 | | 34 | 19 | | 30 | 25 | | 43 | 26 | | 33 | 57 | 19 | 28 | 24 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | – | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | – | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | + | | | |

'n Goeie/...

'n Goeie persentasie ppe., nl. 19% seuns en 28% meisies, meen dat dit net aangenaam is om te droom. Meer meisies is deur die suggestie getrek met beduidende verskille op ouderdomme 13 tot 17 jaar. By meisies is 'n beduidende styging tussen 14 en 15 asook tussen 16 en 17 jaar aanwesig terwyl daar by seuns 'n beduidende styging voorkom tussen 18 en 19 jaar. Meer meisies as seuns droom ter wille van die genot daarvan en dit kan wees dat albei geslagte wat ter wille van die aangename daarvan droom dit doen as 'n vorm van ontvlugting aan die werklikheid.

(iii) Dagdrome inspireer die adolessent tot harder werk.

Tabel LXXXI(c)

Reëelheid van verskille by vraag 14 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dit inspireer my tot harder werk.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 29 | 49 | 28 | | 22 | 27 | | 34 | 33 | | 36 | 35 | | 35 | 41 | | 42 | 41 | | 43 | 29 | 28 | 33 | 31 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef- tye | 12 | + | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Sterk persentasie ppe., nl. 28% seuns en 33% meisies, meen dat dagdrome hulle inspireer tot harder werk. Beduidend meer meisies is op ouderdomme 12 en 14 jaar getrek terwyl 'n daling tussen meisies van 12 en 13 jaar, gevolg deur 'n styging tussen meisies van 13 en 14 jaar voorkom. Seuns toon ook 'n beduidende styging tussen 14 en 15 jaar.

(iv) Dagdrome hinder adolessente in hulle werk.

Sien bl. 403 vir tabel LXXXI(d)

Slegs 16% seuns sowel as meisies uit ons ppe. meen dat dagdrome hulle hinder in hulle werk. Op 13 jaar is beduidend meer seuns as meisies deur die suggestie getrek en op 15 jaar meer meisies as seuns. 'n Beduidende styging

tussen/...

Tabel LXXXI(d)

Reëelheid van verskille by vraag 14 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dit hinder my in my werk.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 16 9 | 17 | | 12 | 18 | | 15 | 16 | | 22 | 13 | | 14 | 13 | | 8 | 21 | | 14 | 21 | 16 | 16 | 16 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | - | | - | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | - | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

'n Beduidende styging tussen meisies van 14 en 15 jaar word opgevolg deur 'n beduidende daling tussen 15 en 16 asook tussen 16 en 17 jaar meisies. Die gegewens dui op wisseling in mening en opvatting oor dagdrome en die nadele daarvan.

(v) Dagdrome gee adolessente verligting van hulle kommer en moeilikhede.

Tabel LXXXI(e)

Reëelheid van verskille by vraag 14 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dit gee my verligting van kommer en moeilikhede.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 23 19 | 24 | | 25 | 28 | | 30 | 26 | | 31 | 27 | | 28 | 32 | | 34 | 26 | | 43 | 29 | 27 | 29 | 29 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

'n Groot persentasie van ons ppe., nl. 27% seuns en 29% meisies, soek ontvlugting van die werklikheid in hulle dagdrome en sê dat die dagdrome hulle verligting van kommer en moeilikhede bring. Op 15 jaar is beduidend meer meisies as seuns deur die suggestie getrek en tussen 13 en 14 jaar kom 'n beduidende styging by meisies voor. As

hierdie/...

hierdie gegewens gelees word in verband met suggestie (b), nl. tabel LXXXI(b), dui dit op die nadelige uitwerking van dagdrome op die adolessent, nl. dat hy dit doen ter wille van die aangename daarvan omdat die werklikheid minder aangenaam is of omdat dit hom verligting van kommer en moeilikhede gee, m.a.w. vir hom 'n ontvlugting aan die werklikheid beteken.

(vi) Samevatting: Watter invloed die dagdrome op adolessente het.

'n Sterk persentasie ppe. sê dat die dagdrome hulle inspireer tot harder werk, m.a.w. dat daar 'n positiewe invloed van die dagdrome op hulle uitgaan. 'n Klein persentasie meen dat die dagdrome hulle hinder in hulle werk en 'n verdere klein persentasie meen dat dagdrome geen besondere invloed op hulle uitoefen nie. Vir 'n groot persentasie beteken dagdrome egter 'n ontvlugting aan die werklikheid deurdat hulle dit doen ter wille van die aangename daarvan of omdat dit hulle verligting gee van kommer en moeilikhede. Die gegewens dui daarop dat die persentasie wat werklike voordeel uit dagdrome verkry kleiner is as die wat benadeel word, soos hierbo aangetoon is.

(1) Samevatting: Optrede van die adolessent in die samelewing.

Ons kan die resultate wat in die ondersoek bereik is i.v.m. die optrede van die adolessent in sosiale verband soos volg saamvat.

'n Klein persentasie ppe. word nooit deur hulle kennisse uitgenooi na hulle geselskap nie. Die ouer adolessente se aanpassings is waarskynlik beter en hulle word meer dikwels na die geselskap van hulle kennisse uitgenooi. Die grootste persentasie ppe. word soms of dikwels uitgenooi na die geselskap van hulle maats met meer

meisies/...

meisies deur hierdie suggestie getrek, waarskynlik omdat hulle meer sekerheid het van hulle vriende(-inne) en meer dikwels uitgenooi word. By die hoër ouderdomsgroepe bestaan waarskynlik meer geleenthede om mekaar oor en weer uit te nooi en daarom vind uitnodigings ook meer plaas by ouer seuns sowel as meisies.

Die gegewens dui sterk daarop dat adolessente nie gou moeg word in die geselskap van mense nie, waarskynlik omdat hulle verlang dat mense hulle gedrag in alle opsigte sal goedkeur. By hoër ouderdomme is 'n afname moontlik daaraan toe te skryf dat die algemene belangstelling in mense meer op 'n enkele persoon van die teenoorgestelde geslag toegespits word en dat hulle graag alleen in die geselskap van die persoon wil wees.

Die adolessent word moeg vir en stel nie belang in die dinge i.v.m. mense waarby hy nie self betrokke is nie. Dit is daarom dat skinderstories hulle so gou moeg maak asook die gedurige gesanik van mense oor hulle eie probleme. Meisies word meer moeg vir mense om hierdie redes as wat die geval met seuns is, waarskynlik omdat hulle meer in aanraking met hierdie sake kom. Adolessente word nie moeg vir die gedreun van mensestemme en die gejaagdheid van die mense nie, waarskynlik as gevolg van hulle sterk belangstelling in mense wat meebring dat hulle nie daardeur gehinder word nie.

Volgens die gegewens is dit slegs vir 'n klein persentasie van die ppe. moeilik om vriende te maak terwyl die grootste meerderheid dit nie juis moeilik vind nie of baie maklik vind om met ander vriende te maak. In teenstelling hiermee dui die gegewens daarop dat dit vir 'n sterk persentasie ppe. 'n moeilike saak is om by vreemde mense en nuwe omgewings aan te pas.

Al/...

Al die adolessente verkies en begeer selfs om deel te neem aan sosiale byeenkomste. By sommige is daar egter nog te min selfvertroue sodat hulle maar op die agtergrond bly. Die grootste persentasie ppe. uit die seuns sowel as uit die meisies wil nie net graag meedoen nie maar neem ook aktief deel aan die verrigtinge en volg die paar wat as sosiale leiers optree, aangesien die leiers meer ervaring van sosiale tegniek opgedoen het en die ander van hulle kan leer. Die persentasie wat as leiers optree, kom ooreen met die geringe persentasie leiers wat in die samelewing daarbuite optree.

Die meeste adolessente wil graag deel hê aan die sosiale bedrywighede omdat dit aangenaam is om gesellig en sosiaal met andere te verkeer. Namate seuns sowel as meisies ouer word, neem die begeerte toe om deel te neem aan sosiale bedrywighede terwille van die aangename gesellige verkeer. Sommige ppe. wil egter aan ander persone wys waartoe hulle in staat is, m.a.w. hulle begeer dat andere hulle dade sal goedkeur en die dinge waartoe hulle in staat is sal waardeer, sodat dit een van die redes is vir hulle deelname aan sosiale bydrywighede. Daar is egter ook 'n klein klompie adolessente wat nie van mense en hulle geselskap hou nie en daarom verkies om maar liewer op die agtergrond te bly en nie deel te neem aan sosiale bedrywighede nie.

Die gegewens dui daarop dat mooi maniere die belangrike persoonlike eienskap is wat die adolessente vir hulleself begeer. Hoewel dit vir seuns ook die belangrikste eienskap is, is dit vir meisies nog belangriker tydens alle ouderdomme. Waarskynlik beskou hulle mooi maniere as 'n middel om goeie en wenslike sosiale verhoudings met hulle medemense daar te stel en te handhaaf.

Vir/...

Vir seuns sowel as meisies is skoolprestasie belangrik maar vir die meisies nog belangriker op 14, 15 en 18 jarige ouderdom met 'n laagtepunt in die belangstelling van seuns in skoolwerk op 14 jarige ouderdom. Die waarde wat adolessente aan skoolwerk heg, kan miskien gesien word in die lig dat dit die saak is waarmee hulle daagliks te doen het en wat die middel is om die agting en respek van hulle skoolmaats sowel as van die onderwysers (-esse) te verwerf.

Hoewel dit vir albei geslagte belangrik is om mooi te lyk, dui die gegewens daarop dat dit vir seuns belangriker as vir meisies is. By meisies is 'n styging in die aantal ppe. wat die suggestie gemerk het tot op 15 jarige ouderdom terwyl seuns weer die hoogtepunt op 14 jarige ouderdom bereik het. Die gegewens dui daarop dat dit vir die adolessent belangrik is om mooi te lyk, veral op daardie stadium waarop 'n belangstelling in die teenoorgestelde geslag ontwaak of waarop hulle alreeds besig is om goeie en wenslike sosiale verhoudings veral met die teenoorgestelde geslag te bewerkstellig. Hoewel dit nie in die ondersoek vasgestel is nie kan dit moontlik wees dat seuns veral 'n mooi sterkgeboude liggaam begeer terwyl die klem by die meisies op die kleredrag gepaard met die liggaamsbou mag val.

Hoewel belangrik vir albei geslagte begeer meer seuns as meisies sportprestasies vir hulle self. Hierdie verskynsel kan waarskynlik verband hou met die opvatting wat sommige skrywers huldig dat die adolessente meisies minder lewenskragtigheid openbaar en in sportprestasies sal belangstel en dit ook vir hulleself begeer indien dit gebruik kan word om goeie sosiale verhoudings en verhoudings met die teenoorgestelde geslag te bewerkstellig.

Van/...

Van minder belang vir seuns sowel as vir meisies is die suggestie om met gemak in die openbaar te kan optree asook die suggestie om met gemak 'n gesprek met die ander geslag te voer, om by die ander geslag gewild te wees of om sosiale leier te wees. Die gegewens dui dus daarop dat die adolessente seuns en meisies nie begeer om in die kalklig te kom of om hulleself op die voorgrond te stel nie. Hulle is tevrede met wenslike goeie sosiale verhoudings in intiemer kring.

Die meeste meisies hou van dagdrome terwyl die meeste seuns sê dat hulle nie van dagdrome hou nie. Dagdromery kom veral by die ouer leerlinge in 'n groter mate voor as by jonger leerlinge.

Die dagdrome van die adolessente seuns sowel as meisies, maar veral van die ouer leerlinge gaan in 'n groot mate oor hulle toekomsplanne wat 'n toekomstige beroep en sukses daarin behels. Dagdromery is waarskynlik 'n hulpmiddel by die keuse van, beplanning van en voorbereiding vir 'n toekomstige beroep.

Gepaard met 'n belangstelling in die teenoorgestelde geslag wat by hoër ouderdomme toeneem, gaan die dagdrome oor skoonheid, 'n toekomstige lewensmaat en liefdesverhoudings. Hieraan het die meisies meer deel as die seuns. Eer en roem asook rykdom kom meer voor in die dagdrome van seuns maar vir albei geslagte is dit van minder belang omdat die sake wat oorwegend voorkom 'n toekomstige beroep is sowel as 'n toekomstige lewensmaat en alles wat in verband daarmee staan.

By 'n sterk persentasie ppe. is die dagdrome van 'n positiewe aard, d.w.s. dit inspireer hulle tot harder werk. 'n Klein persentasie word deur die dagdrome in hulle werk gehinder en op 'n ander klein persentasie het dagdrome geen besondere invloed nie. Vir 'n groot persentasie

adolessente/...

adolessente beteken dagdrome egter 'n ontvlugting aan die werklikheid deurdat hulle deel het aan dagdromery ter wille van die aangename daarvan of omdat dit aan hulle verligting gee van kommer en moeilikhede. Die gegewens dui daarop dat die persentasie adolessente wat werklike voordeel uit dagdrome verkry kleiner is as die groep wat deur dagdrome benadeel word.

- - - - - - - - -